

Skriflesing: Levitikus 23:9-22; Handeling 1:4-8

Teks: **Levitikus 23:15-22; Handeling 1:8**

Sing- **Ps. 33:1,3; Ps. 126:3; Sb 14:1,2**

Levitikus 23:9-22

Lev 23:9 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.

Lev 23:11 En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg.

Lev 23:12 Julle moet ook op die dag as julle die gerf beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan die HERE berei,

Lev 23:13 en die spysoffer wat daarby behoort, twee tiendes van 'n efa fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan die HERE, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn, 'n kwart hin.

Lev 23:14 En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle God bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring sewe volle weke moet dit wees;

Lev 23:16 tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring.

Lev 23:17 Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuur moet dit gebak word as eersteling aan die HERE.

Lev 23:18 Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer aan die HERE wees saam met die spysoffer en die drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan die HERE.

Lev 23:19 En julle moet een bokram as sondoffer berei. Ook twee jaaroud lammers as dankoffer,

Lev 23:20 en die priester moet hulle saam met die eerstelingsbrood as beweegoffer voor die aangesig van die HERE beweeg saam met die twee lammers; dié moet aan die HERE heilig wees, ten voordele van die priester.

Lev 23:21 En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.

Lev 23:22 En as julle die opbrings van jul land oes, moet jy die kant van jou land as jy oes nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God.

Handeling 1:4-8

Act 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.

Act 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.

Act 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?

Act 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;

Act 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Skriflesing: Levitikus 23:9-22; Handeling 1:4-8
Teks: Levitikus 23:15-22; Handeling 1:8
Sing- Ps. 33:1,3; Ps. 126:3; Sb 14:1,2

Broeder en suster- Dit is nou 7 weke later wat daar in Israel by hierdie fees uitgekom word. 49 dae verloop en dan kom die 50ste dag. Daarom dat ná die fees verwys word as die fees van die weke. Rondom hierdie fees word daar op meer plekke in die Bybel gehandel. Vier keer in die Ou Testament, drie keer in die Nuwe Testament. In Eks.23:16 word dit as oesfees aangedui, terwyl in Eks 34:22 en Num.28:26 is die naam *die fees van die weke...* terwyl dit nog weer met die oes saamstaan- *die fees van die eersteling van die koring-oes*. Dit was ook in hierdie tyd wat ons die gebeure in die boek Rut raaksien. Die Israeliete het steeds die gewoonte om tydens die fees uit die boek Rut te lees. Ja, Rut, die Moabitiese wat uit haar agtergrond en heidenland gebring is tot die ware geloof, dit waaroor Pinkster handel. Die Gees wat werk om God se kinders Sy kerk in te bring.

Ons sien die fees staan ook nie los van die landbou nie. Vanoggend het ons by die 1ste diens gepraat van die fees van die eersteling, die Jode noem hierdie Pinksterfees, nou nie fees van die eersteling nie, maar die *dag van die eersteling...* Die fees van die eersteling het rekening gehou met die lente-oes, hierdie fees van die weke hou rekening met die somer-oes. Die somer-oes wat nog weer groter sal wees as die lente-oes.

Wanneer in Israel na die slot-fees verwys word dan is dit ook hierdie 4de fees. Hierdie fees staan in die teken van afsluiting, soos ons verlede week al daarop wou wys, dat die feeste is saam gegroeper in die verhouding van 4+3... Die eerste vier feeste staan direk verbind aan Christus se eerste koms na die aarde, dit wat Christus reeds vir ons gedoen het. Die laaste 3 feeste wat Levitikus 23 ook na verwys (ons sal DV volgende kwartaal daarby kom) het betrekking op die feit dat Christus weer gaan kom. Die fees van die trompette, die fees van die groot Versoendag, die Loofhuttefees is al drie nou gebind aan die wederkoms van Christus.

Wanneer Israel hulle tweede seisoen van feeste begin, m.a.w. die tyd tussen die Pinksterfees, hulle 4de fees en die begin van die 5de fees (fees van die basuine/trompette, verloop daar 4 maande. Lev.23:24 praat van die sewende maand wat saamval met ons Sept./Okt./vroeg Nov. tyd, dan is dit eers tyd vir Israel se 5de fees. Dan is herfs ook al amper verby, net kort

Pretoria- 17 Maart 2013

voor hulle bittere koue in Desember kom hierdie laaste 3 feeste in die prentjie, maar dit nou eers daargelaat.

Die Pinksterfees bring die wonderlike unieke werk van God na vore dat die mens moet beseef sonder die krag van God se Gees kan ek nie aangaan nie. Daar bestaan geen geestelike krag sonder die Heilige Gees nie. Al oplossing wat daar vir my kan wees, as ek swaarkry, depressief teen die grond myself verpletter voel, moet ek myself nie vernietig nie. Die tyd van Pinkster, hierdie 4de fees, wil vir u en my bring by die vraag- waar soek jy jou krag, wat hou jou in jou lewe staande?! Ons wat weet ons kan alleen aangaan, staande bly as ons God se Wet in ons lewens gehoorsaam en toepas. Pinkster word deur sommige ook genoem as fees van wetgewing. Dit is die tyd wanneer Israel geglo het, met my oeste nou ingesamel vra ek God om ook sy Wet wéér op die tafels van my hart te skrywe. Dit is mos so dat God het sy Wet by Sinai gegee 50 dae na Israel uit Egipte getrek het. Die verlossing wat van God kom- die evangelie- *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het...* Op grond van wat God reeds gedoen het, Sy verlossing uit Egipte, word die Wet aan Israel gegee. Die Wet waarna ons vanoggend geluister het.

Die Heilige Gees sal die Wet by die kerk uitbring, maar ook die ware kerk by die Wet uitbring. Ek kan nie waarlik dankbaar wees sonder God se Wet nie. Ek kan nie goeie werke doen, sonder God se Wet nie. Wet en oes kom bymekaar. Dit moet ons glo. Soos God hierdie oes vir ons gee, so het God ook sy Wet vir ons gegee.

Dit is hoe die Kategismus ook die Wet behandel. As deel van ons dankbaarheidslewe, beslis nie as deel van hoe ek verlos kan word nie. Deur die Heilige Gees is die tyd van Pinkster met God se wetgewing verbind, maar broeder en suster, direk hiermee saam is Pinkster die geboorte tyd van die Kerk waaraan u en ek mag behoort. Die Wet en die Kerk (nou praat ek van die universele Kerk van alle tye, alle geslagte, alle volke alle nasies... dié ware Kerk wat onoorsigbaar 'n werklikheid is, al is dit nie sigbaar met die oog te sien nie, maar dit is die Kerk wat vir jou en my sê dat ek en jy en Paulus, Petrus, Titus, Timotheus, noem maar op, ons behoort aan dieselfde Kerk. Ons is één Kerk- in Efesiërs 4 gaan dit om *een Here, een geloof, een doop...* ja waar dit saamkom is dit één Kerk. Dit kan nie om baie liggame gaan nie, Christus het net één liggaam (Ef.4:4), dié liggaam noem Hy sy Kerk, daar is net een Gees, daar is net een Wet, wel met tien gebooe, maar dit bly net die een Wet deur God met

sy vinger geskrywe. *Ja, die een God en Vader van almal wat oor almal en deur almal en in julle almal is...*(vgl. Ef.4:6).

Waar ons as kerk hier saamkom, ons die Gerf kerk Pretoria deur God vergader, beskerm en onderhou (Son 21 Kategismus), dan kan ons nie kerk-wees ter wille van onself nie, maar ons moet kerk-wees ter wille van die universele Kerk. Ter wille van die Kerk waar die apostels eers in die ampte deur God gestel was. Hierdie Kerk is God se eiendom nog altyd gewees. Ons kan nie apostels wees nie, maar ons roeping kom van dieselfde God. Ouderlinge, diakens, hulle bedien unieke ampte ter wille van dieselfde Kerk waarvan die apostels 'n deel van kon wees. Ons deel met hulle in dieselfde Kerk al het die ampte verander. Die ampte soos ons dit nou het, het oorgegaan vanuit die apostels, tot ouderlinge, tot diakens...

Die universele Kerk en ons as plaaslike kerk is nie twee “kerke” los van mekaar nie. Ons gemeenskaplike band met die universele Kerk, dit maak kerke onderling se verband besonders, dit maak wat ons noem die kerkverband uniek. Tussen die universele Kerk en die plaaslike kerk kan daar geen verskil bestaan nie. Daar mag geen verskil wees nie, want dan word ons valse kerk.

Dan mis ons die hele punt van Pinkster, dan mis ons die hele punt van hierdie fees, dat die sigbare kerk, die plaaslike kerk hier, word deur God geroep om dit wat van die universele Kerk onsigbaar is, sigbaar te maak. Die Kerk se onsigbare eienskappe, sy eenheid, sy heiligheid, sy katolisiteit, sy apostolisiteit, ons as kerk op die grond, sigbaar, hier plaaslik, dit is primêr ons roeping, die plek, die rol van kerk-wees is om die onsigbare van die universele Kerk sigbaar te maak, om die universele Kerk daar waar jy bly, waar jy dink, waar jy werk, waar jy God dien, met al 4 hierdie onsigbare eienskappe, sigbaar te maak. Te laat realiseer wat andersyds vir mense onrealisties mag lyk.

Waaroor dit gaan, die plaaslike kerk moet volledige openbaring van die universele Kerk wil wees. Dit moet wees 'n aktiewe wil, ek moet dit wil wees, dit wil doen... Let wel volle openbaring en daarin het kerke bande met mekaar. Omdat ware kerke gebind staan tot een Kerk, die universele Kerk, is die band aan die universele Kerk, aan die een Liggaam van Christus, 'n heilige band wat ook kerke aan mekaar bind. Die band waarmee God Hom aan een plaaslike kerk bind is dieselfde band waarmee Hy hom ook aan 'n ander plaaslike kerk bind.

Waar God Homself bind is dit heilige bande, daarom is die bande wat kerke aan mekaar bind, (deur dieselfde God aanmekaar gebind), net so heilig as aan hulle band met God. In alle ware sigbare kerke moet dit wees dit wat die kerk vir die universele Kerk wil beteken dit moet ons vir God beteken – waar dit gaan om *een Here, een geloof, een doop...* Kerke se verband met mekaar is heilig, daarom kerkverband werk met heilige bande. Ware kerke in verhouding tot mekaar moet op grond van Pinkster erken en dit uitleef - ons het 'n heilige kerkverband, waarmee nie so gemors en ligtelik mee omgegaan mag word, soos tans dikwels die geval is nie. Van watter kant dit ook mag kom, ons beweeg op heilige terrein, ja niks minder heilig as die grond waarop Moses gestaan het en God vir hom gesê het, trek uit jou voete jy staan op heilige grond... (vgl. Eks 3:5).

Broeder en suster, waaroor dit gaan met die fees van die weke of dan spesifiek genoem die oesfees, vir die ware kerk beteken dit daar is 'n geestelike oes wat wag. Mense moet ingesamel word, waarvan Rut die voorbeeld is, maar ook in Handeling word dit al duideliker dat Pinkster wys direk op die uitstorting van die Heilige Gees wat sonder grense al verder en verder tot aan die uiterstes van die aarde nie laat vaar die werk van Sy hande nie. In Handeling lees ons van 3000 wat tot geloof kom op die dag van uitstorting, maar daardie 3000 word in hulle tienduisende meer soos wat die Gees die getuienis verder laat gaan.

God se kinders word vergader...daarom dat ons hierdie tyd, 50 dae na die opstanding, dan sien as die geboorte van die Nuwe Testamentiese kerk. Die kerk moet die oes gaan haal, want die kerk het die krag daarvoor, die kerk het die toerusting deur die opstanding van Christus ontvang. Ons kan ook opstaan. Dit is wat Pinkster insluit. Gaan met entoesiasme die wêreld in, staan vas teen die bedreiginge, laat julle getuienis duidelik en hard gehoor word. Dit wat die Gees getuig, daarvan moet ons getuig. Die doel van die uitstorting van die Heilige Gees is waaroor Jesaja in hfst. 11:9 al geprofeteer het...*die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seabodem bedek...* Dink aan die waters wat die seabodem bedek, dit is God se beeld wat Hy bedoel dat daar sending gedoen moet word. Die waters wat die seabodem bedek laat nie iets kleins voor oë nie. Sending moet altyd iets groots vir ons as kerk wees. Die universele kerk moet in plaaslike gestalte uitbreek in hoe baie seewater daar is. Dis groot...

Pretoria- 17 Maart 2013

Ons moet die nou verband tussen Paasfees en Pinkster nie mis nie. Die begin van wat God alleen kon doen, ons regverdigmaking, dit was ook die begin van die graanoes, daardie fees van die ongesuurde brode en fees van die eerste vrug, (die begrafnis en opstanding van Christus)... nou moet inkom die laaste vrug, die volle oes. In alles staan die heiligmaking van die mens nie los van ons regverdigmaking nie. Ja, Joh. 12 teken die Paasfees in 'n graanbeeld dat die Seun van die mens soos 'n koringkorrel eers in die grond moes val en sterwe, voordat die groot oes ingebring kan word.

Met Paasfees, die begin van die Oesfees is Christus gekruisig, begrawe. Die Korrel is in die grond in verneder. Daar eindig dit nie, 50 dae later met Pinkster is die Heilige Gees uitgestort en dadelik gaan dit oor die groot oes wat nou wag. Christus se vernedering met Paasfees lei tot sy heerlikheid met Pinkster. Daar is geen kruis en dood wat op Christus meer wag nie, nee die Gees wag, die Gees kom om die werk nou klaar te maak. Die getal uitverkorenes moet vol word. Dit maak Pinkster of dan nou die fees van die weke 'n fees van voldoening en heerlikheid. Die Gees maak Christus groot, Hy moet verheerlik word. Die gelowige se hart moet die troon van God wees. Dit wat alleen die Heilige Gees kan doen. Die Gees maak die gelowige se lewe sterk dat hy/sy met krag hierdie dinge kan vertel.

Dit maak elke Sondag eintlik 'n Pinkstersondag, dit maak elke ware kerk eintlik 'n Pinksterkerk. Die charismate wil verkeerdelik die naam net hulleself toeëien. Pinkster doen groot dinge. Pinkster het van Petrus 'n ander mens gemaak. Voor die tyd sou hy Christus verloën, agter toe deure wegkruip, maar nou met die Heilige Gees word tronkdeure oopgebreek, hy praat voor groot skares van die verlossingsdade van God. Ons sal aan God méér gehoorsaam wees as aan mense, dit is nou sy uitgangspunt en uitdaging aan mense wat hom met hulle eie gesag wil stilmaak. Die vraag aan u en my is, staan ons nog by die ou Petrus of is ons werklik deel van die kerk waar die nuwe Petrus met die Gees vervul eintlik heeltemal anders optree as die ou Petrus.

Ja, wie met die Heilige Gees gedoop word kan nie stilbly en stilsit nie. So een wil die kerk as vervulling sien in wat God doen. So een sien God se Wet en dit met Pinkster raak. Die Wet is dan nie vir ons swaar nie. Dit laat Pinkster ons sien as ook die fees van die Wet. Die Wet so glo Israel, dit is ook só, is met Pinkster hulle gegee. Dan was dit ook 'n Sondag, die dag na Sabbat. Daardie Sondag daar by die berg word in Eks 19 en Hebreërs 12 beskryf met ontsaglike tekens. Vuur, stormwind, harde geluide. Alles sou gaan om God is hier, Hy is

teenwoordig. Ons lees in Eks 19:18: *En die hele berg Sinai het gerook, omdat die HERE in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.* Daar was 'n harde geluid soos met baie stemme, dit is God wat praat deur sy Wet. Sy Wet volg op wat Hy klaar gedoen het. *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het...* Paasfees se verlossing word met die Wet Pinkster se dankbaarheid. Ons moet God erken deur sy geboorte te onderhou.

Wanneer die Jode sewe weke, 50 dae na Paasfees bymekaar is, om te herdenk God het ons 50 dae na ons reeds uit Egipte getrek het, sy Wet gegee. Vanuit Eks 19 kyk ons Hand 2, die uitstorting van die Heilige Gees begin ten volle met dieselfde tekens as wat met die Wetgewing daar was. 'n Geluid soos 'n geweldige rukwind, dit vul die hele huis, tonge van vuur wat op die mense gaan sit... ja Eks 19 kom ter sprake maar nou is dit meer as Eks 19, meer as die Wet wat gegee gaan word, God gee Homself, Hy gee sy Heilige Gees. Daarom vier ons Pinkster as die fees van die Gees maar ook die fees van die Wet. Die Wet is die Gees se Wet. Die Wet wil nie apart staan van Pinkster nie. Die Wet het die Gees so nodig om ons harte van klip te verwyder en te gee harte van vlees. harte waarop die Wet geskryf kan word. Ons het eintlik vanoggend die fees van die Wet gevier deur daarna te luister, dit te oordink, dit as gawe van God met sy eie vinger geskryf te lees. Ja, broeder en suster, dit wat ons vandag gehoor het, fees van die eerste vrug, Christus het opgestaan, die fees van Pinkster, die Gees het na ons gekom, gee ons soveel rede om dankbaar en bly te wees. Ons wat toegerus is om ook hierdie week hierdie wêreld waar ons is in te gaan. As dit nie vir Pinkster was nie en as dit nie vir die Wet was nie dan was ons nie meer hier nie.

AMEN